# Standpuntstelling oor Akademiese Vryheid

***Aanhef en doelstelling van die Standpuntstelling:***

*Hierdie verklaring stel die Universiteit Stellenbosch (US) se standpunt oor akademiese vryheid. Anders as 'n beleid lê dit nie riglyne neer en maak dit aanbevelings nie. Dit verwys wel na US-oorsigbestuursdokumente soos Kode 2040 – US se Geïntegreerde Etiese Kode, waar toepaslik.*

*Die Taakspan oor Akademiese Vryheid (TAV) het op 10 November 2023 en 8 Maart 2024 in lewende lywe vergader. Die TAV-voorsitter het die aanvanklike konsepformulering van die standpuntstelling op 6 September 2024 aan die Senaat voorgelê. Die fakulteite is versoek om die konsepweergawe by hulle onderskeie fakulteitsraadsvergaderings te bespreek en terugvoer aan die voorsitter te lewer. Die TAV het op 29 Oktober 2024 virtueel vergader om alle insette vanuit fakulteite te oorweeg. Die US Standpuntstelling oor Akademiese Vryheid verteenwoordig dus die saamgestelde insette van verskeie US-belanghebbendes.*

***Die US bevestig dat akademiese vryheid gedeelde verantwoordelikhede meebring – vir ons personeel en studente sowel as vir navorsingsgenote, nadoktorale genote en navorsers – om die volgende te verseker:***

- *dat kennis sonder versperrings of vrees nagestreef en uitgeruil kan word;*
- *dat etiese beginsels rakende onderrig, navorsing, sosiale impak en ander persone gehandhaaf word; en*
- *dat daar ontsag daarvoor sal wees dat ander persone die reg het om verskillende menings te huldig, en dat die belange van die US-gemeenskap en vennootgemeenskappe bevorder sal word.*

## STANDPUNTSTELLING

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot **akademiese vryheid**, waaronder ons verstaan dat die Universiteitsgemeenskap vry is om kennis na te streef deur middel van akademiese werk - onderrig, leer en navorsing. Dit sluit akademiese personeel en studente se reg in om individueel én medewerkend te redeneer, te praat en te skryf soos wat hulle glo waar is; vry van onbehoorlike institusionele, politieke of kommersiële inperking, en onderhewig aan die standaarde van akademieskap en navorsingsintegriteit wat op hulle akademiese dissiplines toepaslik is. Hierdie Standpuntstelling moet saamgelees word met bestaande US-oorsigbestuursdokumente wat verband hou met Kode 2040, etiek, die US se waardes, leer en onderrig, navorsing, en sosiale impak.

Akademiese vryheid in navorsing sluit die vryheid in om navorsingsdeelnemers uit te kies, om te besluit hoe navorsing uitgevoer sal word en om navorsingsteun uit enige bron te probeer bekom. Navorsers mag vrylik toegang verkry tot die inligting wat hulle navorsing verg, mits sodanige toegang wettig is, aan navorsingsetiekstandaarde voldoen en geen ander regte (bv. op persoonlike of vertroulike inligting) skend nie. Navorsers het die reg om hulle navorsingsresultate te versprei, onderhewig aan akademiese standaarde (onder meer ewekniebeoordeling) maar sonder oorsig of wysiging deur eksterne organisasies – tensy die reg tot laasgenoemde kragtens wetgewing of 'n kontrak verleen is.

Akademiese vryheid bevorder nie net 'n demokratiese institusionele klimaat nie; dit verg ook so

’n klimaat. Akademiese vryheid is verweef met agting, kollegialiteit en verdraagsaamheid vir meningsverskil, wat op hulle beurt ’n omgewing bevorder wat bevorderlik is vir robuuste intellektuele ondersoek en die uitruiling van idees.

Akademiese vryheid hou verband met, maar is onderskeie van, institusionele outonomie: ’n universiteit se reg om self oor akademiese aangeleenthede te beslis. Die reg op die intellektuele en professionele vryheid om akademiese werk te verrig word dus afsonderlik van, maar ook tesame met, die beginsels van institusionele outonomie bevestig.

Ooreenkomstig die US se institusionele outonomie kan die Universiteit institusionele medewerking met enige instellings, organisasies of regerings weier. Dit beperk nie noodwendig individuele navorsers se reg om op hulle eie akademiese vennootskappe te sluit nie.

Goedkeuringsdatum: 19 Maart 2025